**<u>MEMORANDUM – STOMPI</u>**

**<u>Vraag 1:</u> [5]**

**Bestudeer die volgende sinne. Kies die korrekte een.**

***Sin 1*** **(1)**

a. **Die kind het gebreek die punt van die potlood.**
b. **Die kind het die punt van die potlood gebreek.** ✓
c. **Die is die punt van die potlood gebreek het.**

***Sin 2*** **(1)**

a. **Die koek is deur die dogter gister met liefde in die kombuis gebak.**
b. **Die koek het gister deur die dogter met liefde in die kombuis gebak.**
c. **Die koek is gister met liefde deur die dogter in die kombuis gebak.** ✓

***Sin 3*** **(1)**

a. **Die gesin het toe die vakansie nogal baie op die plaas geniet.** ✓
b. **Die gesin het toe geniet die vakansie nogal baie op die plaas.**
c. **Die gesin geniet toe nogal baie die vakansie op die plaas het.**

***Sin 4*** **(1)**

a. **Jare gelede die mense het self op die lande om vir kos te voorsien gewerk.**
b. **Jare gelede het die mense self op die lande gewerk om vir kos te voorsien.** ✓
c. **Jare gelede is die mense self op die lande gewerk om vir kos te voorsien.**

***Sin 5*** **(1)**

a. **Die ou tannie sal haar blomme met die tuinslang gereeld natspuit.**
b. **Die ou tannie het gereeld haar blomme met die tuinslang natspuit.**
c. **Die ou tannie sal gereeld haar blomme met die tuinslang natspuit.** ✓

**<u>Vraag 2:</u> [12]**

**Herskryf die volgende sinne deur met die gegewe deel te begin.**

***Sin 1*** **(2)**

**Die wind het gister erg gewaai.**

a. **Het** die wind gister erg gewaai? ✓
b. **Erg** het die wind gister gewaai. ✓

***Sin 2*** **(5)**

**Die fotograaf sal binnekort die foto van die koninklike familie afneem om in sy portefeulje te plaas.**

a. **Die foto** sal binnekort van die koninklike familie deur die fotograaf afgeneem word om in sy portefeulje geplaas te word. ✓

b. **Binnekort** sal die fotograaf die foto van die koninklike familie afneem om in sy portefeulje te plaas. ✓

c. **Om in sy portefeulje** te plaas sal die fotograaf binnekort die foto van die koninklike familie afneem. ✓

d. **Sal** die fotograaf binnekort die foto van die koninklike familie afneem om in sy portefeulje te plaas? ✓

e. **Van die koninklike familie** sal die fotograaf binnekort die foto afneem om in sy portefeulje te plaas. ✓

| **WOORDESKAT:** |
|---|
| **koninklike familie = royal family** |
| **portefeulje = portfolio** |

***Sin 3*** **(5)**

**Die seun moet elke aand om seweuur *Binnelanders* op kanaal 144 kyk om sy Afrikaans te verbeter.**

a. **Op kanaal** 144 moet die seun elke aand om seweuur *Binnelanders* kyk om sy Afrikaans te verbeter. ✓

b. **Elke aand om seweuur** moet die seun *Binnelanders* op kanaal 144 kyk om sy Afrikaans te verbeter. ✓

c. **Om sy Afrikaans te verbeter** moet die seun elke aand om seweuur *Binnelanders* op kanaal 144 kyk. ✓

d. ***Binnelanders*** moet elke aand om seweuur deur die seun op kanaal 144 gekyk word om sy Afrikaans te verbeter. ✓

e. **Moet** die seun elke aand om seweuur *Binnelanders* op kanaal 144 kyk om sy Afrikaans te verbeter? ✓

**Vraag 3: [18]**

**Bestudeer die volgende sinne en dui dan die gegewe woordsoort aan.**

1. **Die verslaggewer moet nou die berig spoedig skryf om dit in die koerant te kan plaas.** **(7)**

   a. **V1 =** moet✓
   b. **V2 =** skryf✓
   c. **(P) Plek =** Geen bywoord van plek nie✓
   d. **(T) Tyd =** nou✓
   e. **(M) Wyse =** spoedig✓
   f. **(S) Onderwerp =** Die verslaggewer✓
   g. **(O) Voorwerp =** die berig ✓

2. **Die kok het die muis al in die rondte in die kombuis gejaag om dit dood te maak.** **(5)**

   a. **(O) Voorwerp =** die muis✓
   b. **(M) Wyse =** al in die rondte✓
   c. **(P) Plek =** in die kombuis✓
   d. **(I) Infinitief =** om dit dood te maak✓
   e. **(S) Onderwerp =** Die kok✓

**WOORDESKAT:**
**ronde = round**
**al in die rondte = round and round**

3. **Die muis het die kok se kaas heerlik in die spens geëet om sy maag vol te kry.** **(6)**

   a. **(i) Infinitief =** om sy maag vol te kry✓
   b. **(V1) =** het✓
   c. **(O) Voorwerp =** die kok✓
   d. **(V2) =** geëet✓
   e. **(M) Wyse =** heerlik✓
   f. **(P) Plek =** in die spens✓

__Vraag 4:__ **[4]**

**Herskryf die volgende sinne met die korrekte woordorde.**

1. **afkap / die houtkapper / gereeld / om vuur te maak / die bome / sal** **(1)**

   **Die houtkapper** sal gereeld die bome afkap om vuur te maak. ✓

2. **gery / die hout / met sy bakkie / selde / huis toe / hy / het** **(1)**

   **Hy** het selde die hout met sy bakkie huis toe gery. ✓

3. **die werkers / om seker te maak daar is nie spykers op die pad nie / die pad / word / deur / gevee / deeglik / môre / sal** **(1)**

   **Die pad** sal môre deeglik deur die werkers gevee word om te verseker daar is nie spykers in die pad nie. ✓

4. **Die motor het nou die dag 'n pap wiel in die straat gekry.** **(1)**

   **'n Pap wiel** is nou die dag deur die motor in die straat gekry. ✓

**WOORDESKAT:**
**deeglik = thoroughly**

__Vraag 5:__ **[1]**

**Bestudeer die volgende sin en maak dan 'n vraag met die vraagwoord wat gegee word:**

**Ek het gister my tandeborsel by die huis vergeet.** **(1)**

**Waar** het ek gister my tandeborsel vergeet? ✓

**ONTHOU:**
**Moet nooit jou vraagteken ("question mark") aan die einde van jou vraag vergeet nie.**

**MEMORANDUM – VRAAGWOORDE**

**Vraag 1: [10]**

**Gee die korrekte Afrikaanse woord:**

**a.** how much, how many – **hoeveel** ✓
**b.** how – **hoe** ✓
**c.** which – **watter** ✓
**d.** where to – **waarnatoe** ✓
**e.** where – **waar** ✓
**f.** when – **wanneer** ✓
**g.** whose – **wie se** ✓
**h.** who – **wie** ✓
**i.** what – **wat** ✓
**j.** out of what – **waaruit** ✓

**ONTHOU:**

- **'n Vraag moet altyd 'n vraagteken aan die einde van die vraag hê.**
- **Die antwoord mag nooit deel van die vraag wees nie.**
- **Jy moet die Afrikaanse en Engelse betekenis van die vraagwoorde ken**

**Vraag 2: [10]**

**Maak 'n vraagsin van die volgende stelsin. Die onderstreepte deel van die sin moet jou antwoord op die vraag wees.**

**a. Die man drink koffie uit sy gunsteling beker.**
**Waaruit** drink die man koffie?✓

**b. Die seun is ongelukkig omdat hy raas gekry het.**
**Waarom** is die seun ongelukkig?✓

**c. Hulle het gisteraand gaan fliek.**
**Wanneer** het hulle gaan fliek?✓

**d. Die man in die rooi motor het die hond in die straat raakgery.**
**Waar** het die man in die rooi motor die hond raakgery?✓

**e. Die hond is toe aan sy beserings dood.**
**Waaraan** is die hond dood?✓

**WOORDESKAT:**

**"Beserings" beteken "injuries" in Engels.**

**f. Een van die twee broers sal in die moeilikheid wees.**
**Wat s**al met een van die twee broers gebeur?✓

g. **Die melk het die kind siekgemaak.**
Wat het die kind siekgemaak?✓

h. **Hy sit in sy kamer om sy huiswerk klaar te maak.**
Waarom sit hy in sy kamer?✓

i. **Sannie is besig om koekies in die kombuis te bak.**
Waarmee is Sannie in die kombuis besig?✓

j. **Die meisies sit onder die boom op 'n pienk kombers.**
Waarop sit die meisies onder die boom?✓

**Vraag 3: [5]**

**Kies die korrekte vraagwoord:**

| **waarop \| waaroor \| hoe \| waarom \|wanneer \| waaruit** |
|---|

a. **... is hy laat?**
Waarom is hy laat?✓

b. **... het julle by die huis gekom?**
Hoe het julle by die huis gekom?✓

c. **... het jy jou lekkers gebêre?**
Waar het jy jou lekkers gebêre?✓

d. **... staan die verwer?**
Waarop staan die verwer?✓

e. **... het julle gepraat?**
Waaroor het julle gepraat?✓

**Vraag 4: [5]**

**Bestudeer die volgende sin en maak vrae met die gegewe vraagwoorde:**

| **Die meisie het gister die rok by die dans aangehad.** |
|---|

a. **Wie het gister die rok by die dans aangehad?**✓

b. **Wanneer het die meisie die rok by die dans aangehad?**✓

c. **Wat het die meisie gister by die dans aangehad?**✓

d. **Waarom het die meisie gister die rok by die dans aangehad?**✓

e. **Waar het die meisie gister die rok aangehad?**✓

**MEMORANDUM – TOEKOMENDE TYD**

**Vraag 1: [10]**

**Skryf die volgende sinne in die toekomende tyd:**

**a. Ek doen my huiswerk.**

Ek sal my huiswerk doen.✓

**b. Ek is siek van die kos.**

Ek sal siek van die kos wees. ✓

**c. Ek het huiswerk.**

Ek sal huiswerk hê. ✓

**d. Ek klim die leer op.**

Ek sal die leer opklim. ✓

**e. Ek kan die werk leer.**

Ek sal die werk kan leer. ✓

**f. Hy moet die hoof gaan spreek.**

Hy sal die hoof moet gaan spreek. ✓

**g. Ek sien haar die koek eet.**

Ek sal haar die koek sien eet. ✓

**ONTHOU:**
**Wanneer daar twee werkwoorde in 'n sin is en daar is geen voegwoorde tussen die twee werkwoorde nie, skuif die werkwoorde na die einde van die sin. Skryf altyd die eerste werkwoord eerste en dan die tweede werkwoord.**

**h. Die kinders loop en lag.**

Die kinders sal loop en lag. ✓

**i. Die vrou skakel die ketel aan.**

Die vrou sal die ketel aanskakel. ✓

**j. Piet doen eers sy huiswerk, dan speel hy met sy honde.**

Piet sal eers sy huiswerk doen, dan sal hy met die honde speel. ✓

**ONTHOU:**
**Wanneer ons 'n saamgestelde sin het, dit wil sê 'n sin met 'n voegwoord, dan behandel ons die twee dele van die sin as twee afsonderlike sinne.**

**<u>Vraag 2:</u> [5]**

**Gee die Afrikaanse woord van die volgende tydwoorde:**

a. **Soon** = Binnekort✓
b. **In a month from now** = Oor 'n maand van nou✓
c. **One day** = Eendag ✓
d. **Next week** = Volgende week✓
e. **Yearly** = Jaarliks✓

**<u>Vraag 3:</u> [5]**

**Skryf die volgende sinne in die toekomende tyd:**

a. **Die huis is te koop.**

   Die huis sal te koop wees. ✓

b. **Die boom word op die trok vervoer.**

   Die boom sal op die trok vervoer word. ✓

c. **Ek vra hom om my te help.**

   Ek sal hom vra om my te help. ✓

d. **Sy lag want dit is snaaks.**

   Sy sal lag want dit sal snaaks wees. ✓

e. **Waar is my skooltas?**

   Waar sal my skooltas wees? ✓

**<u>Vraag 4:</u> [5]**

**Skryf die volgende sinne in die toekomende tyd:**

a. **Jy kan die boek met blou papier oortrek.**

   Jy sal die boek met blou papier kan oortrek. ✓

b. **Die dogter het haar boek gebêre.**

   Die dogter sal haar boek gebêre hê.✓

c. **Dis die onderwyser se rooi appel.**

   Dit sal die onderwyser se rooi appel wees. ✓

**ONTHOU:**
**Wanneer jy "dis" in 'n sin kry moet jy altyd onthou "dis" = "dit is".**
**Dit beteken dat jy dus met "is" werk. "Is" verander na "sal" en ons voeg "wees" aan die einde van die sin by.**

d. **Elke groep het 'n tafel in die klas.**

   Elke groep sal 'n tafel in die klas hê. ✓

**e. Die kos word by die skool afgelewer.**

Die kos sal by die skool afgelewer word. ✓

**<u>Vraag 5:</u> [5]**

**Skryf die volgende sinne in die toekomende tyd:**

**a. Hulle skryf die werk af.**

Hulle sal die werk afskryf. ✓

> **ONTHOU:**
> **Wanneer daar 'n werkwoord plus 'n voorsetsel in die sin is, word dit as een woord in die toekomende tyd geskryf. Ons noem dit skeibare werkwoorde.**

**b. Hy kan die somme maklik doen.**

Hy sal die somme maklik kan doen. ✓

**c. Ek gaan my huiswerk doen.**

Ek sal my huiswerk gaan doen. ✓

**d. Hy laat die werk staan.**

Hy sal die werk laat staan. ✓

**e. Die dogtertjie gaan vir haar ouma kuier.**

Die dogtertjie sal vir haar ouma gaan kuier. ✓

> **ONTHOU:**
> **Die hulpwerkwoorde "gaan", "laat" en "kom" word in die toekomende tyd voor die V2-posisie geskryf.**

## <u>MEMORANDUM – VERLEDE EN TEENWOORDIGE TYD</u>

**<u>Vraag 1</u>: [6]**

**As vandag Woensdag is. Wat sal die ander werksdae dan wees?**

a. **Sondag:** Naaseergister ✓
b. **Maandag:** Eergister ✓
c. **Dinsdag:** Gister ✓
d. **Woensdag: VANDAG**
e. **Donderdag:** Môre ✓
f. **Vrydag:** Oormôre ✓
g. **Saterdag:** Naasoormôre ✓

**<u>Vraag 2:</u> [10]**

**Skryf die volgende sinne in die verlede tyd:**

**a. Die fietsryer ry met sy fiets om die baan.**

Die fietsryer **het** met sy fiets om die baan **gery**. ✓

**b. Ek het koeldrank, dankie.**

Ek het koeldrank **gehad**, dankie. ✓

| |
|---|
| **ONTHOU:**<br>**Wanneer ek net die hulpwerkwoord "het" in 'n sin in die teenwoordige tyd het, verander dit soos volg in die verlede tyd. Die "het" bly in die V1-posisie en "gehad" word aan die einde van die sin geskryf.** |

**c. Ek is op die telefoon.**

Ek **was** op die telefoon. ✓

**d. Die roomys moet in die yskas gebêre word.**

Die roomys **moes** in die yskas gebêre word. ✓

**e. Hulle staan en gesels.**

Hulle **het** staan en gesels. ✓

**f. Die mans vertel stories om die kampvuur.**

Die mans **het** stories om die kampvuur vertel. ✓

| |
|---|
| **ONTHOU:**<br>**Alle werkwoorde wat met "be-", "ge-", "her-", "er-", "ont-", "ond-"; of wat eindig in – eer, kry nie "ge-" voor aan die werkwoord in die V2-posisie nie.** |

**g. Hy koop blomme vir sy meisie.**

Hy **het** vir sy meisie blomme **gekoop**. ✓

**h. Sy wil hom op sy wang soen.**

Sy **wou** hom op sy wang soen. ✓

| | | |
|---|---|---|
| **Hulpwerkwoorde sal, kan, ens.**<br>***(Wanneer ek hierdie hulpwerkwoorde het, verander net die hulpwerkwoord in die sin na die verlede tyd)*** | **sal**<br>**kan**<br>**wil**<br>**mag**<br>**moet** | **sou**<br>**kon**<br>**wou**<br>**mog**<br>**moes** |

**i. Hy koop lekkers wanneer hy sakgeld kry.**

Hy **het** lekkers **gekoop toe** hy sakgeld kry. ✓

**j. Hy skeur sy geskenk oop.**

Hy het sy geskenk **oopgeskeur**. ✓

| |
|---|
| **Ons kry soms sinne wat op 'n voorvoegsel ("preposition") eindig:**<br>**Wanneer dit gebeur, verbind ons die voorvoegsel en die werkwoord met "-ge-" in die middel en vorm een woord. Byvoorbeeld, "staan op" word "opgestaan".**<br>**ONTHOU:**<br>**Die kind loop deur. → Die kind loop deur die deur.**<br>**Die kind het deurgeloop. → Die kind het deur die deur geloop.** |

**<u>Vraag 3:</u> [4]**

**Vertaal die volgende in Afrikaans:**

**a. He did walk on the beach yesterday.**

Hy **het** gister op die strand **geloop**. ✓

**b. He did open the door.**

Hy **het** die deur **<u>oopgemaak</u>**. ✓

> **ONTHOU:**
> **"Oopgemaak" is 'n skeibare werkwoord, daarom word die twee woorde met "ge-" verbind in die verlede tyd.**

**c. She did speak to him when he called.**

Sy **het** met hom gepraat **<u>toe</u>** hy **gebel het.** ✓

> **"Toe" is 'n tydwoord van die verlede tyd. Die voegwoorde "wanneer", "dan", "as" en "nou" verander na "toe" in die verlede tyd.**

**d. Was he at school yesterday?**

**Was** hy gister by die skool? ✓

**<u>Vraag 4:</u> [5]**

**Herskryf die volgende sinne deur met die gegewe woord te begin:**

**a. Hy koop 'n nuwe rekenaar.**

**Gister het** hy 'n nuwe rekenaar **gekoop**. ✓

**b. Hy laai die programme op sy rekenaar.**

**'n Week gelede het** hy die programme op sy rekenaar **gelaai**. ✓

**c. Hy wen die prys vir programmeerder van die jaar.**

**'n Jaar gelede het** hy die prys vir programmeerder van die jaar **gewen**. ✓

**d. Ek lees die instruksies om die rekenaar aan te skakel.**

**Vantevore het** ek die instruksies **gelees** om die rekenaar aan te skakel. ✓

**e. Sy help my om die program te leer.**

**In die verlede het** sy my **gehelp** om die program te leer. ✓

Vraag 5: [5]

**Bestudeer die volgende sinne. Kies telkens die korrekte antwoord.**

***Sin 1***

a. **Die bank waarborg die tjek wat hy uitskryf.** ✓
b. **Die bank waarborg die tjek wat hy uit skryf.**
c. **Die bank waarborg die tjek wat hy geuitskryf.**

***Sin 2***

a. **Die atlete het baie spanne geinskryf.**
b. **Die atlete het baie spanne ingeskryf.** ✓
c. **Die atlete het ingeskryf baie spanne.**

**ONTHOU:**
**Wanneer ons skeibare werkwoorde in die verlede tyd gebruik, word "ge-" nooit as voorvoegsel gebruik nie. Die twee werkwoorde word met "ge-" in die middel verbind.**
**Hy skryf uit → hy het uitgeskryf.**

***Sin 3***

a. **Die kat het met die muis gesit en speel.** ✓
b. **Die kat met die muis gesit en speel het.**
c. **Die kat het met die muis gesit en gespeel.**

***Sin 4***

a. **Die kat het melk gedrink toe sy dors is.**
b. **Die kat het melk gedrink toe sy dors was.** ✓
c. **Die kat het melk drink toe sy dors gewees het.**

***Sin 5***

a. **Daar is gister deur my kat rondgeloop.** ✓
b. **Daar was gister deur my kat rondgeloop.**
c. **Daar het gister deur my kat rondgeloop.**